6 Maart 2011 (Uitsaaidiens Radio Pretoria)

Skriflesing: Openbaring 1:1-8
Teks: **Openbaring 1:3**
Sing-

Wanneer Jesus op aarde sy eerste preek gee, broeder en suster, dan begin die preek met wat ons noem die saligsprekinge. Dit was die begin van wat ons kan noem Jesus se intreepreek. Toe het Jesus 7 maal en meer die volk salig gespreek. Die omvang en die impak van elke saligspreking is iets waaroor mens nie uitgepraat sal kan raak nie. Die grootste Leraar wat daar ooit kon wees, het in alles en deur alles die grondslag van die lewe kon vaslê. Die grondwet van die koninkryk van God is nie om te dink jy is belangrik en jy is geleerd dit wat jou en my prestasies lyk te wees nie. Daar het dit oor die berge gekom- *Salig is die armes van gees, want vir hulle is die koninkryk van die hemele.* Hierdie heel eerste saligspreking is in alles so ryk, so heerlik, want as jy arme van gees kan wees, dan is God in jou lewe die Ryke, die Een onder Wie se heerskappy ons staan, dan wil ons ons aan God onderwerp.

Watter troos om vanoggend te weet as die saligsprekinge wat Jesus as Mens op aarde oor die berge laat klink het, alreeds so aangrypend en omvattend ons hele lewe saamvat, toe was Jesus nog nie gekruisig nie, maar in Openbaring het ons dieselfde Christus wat met ons praat, maar intussen is Hy gekruisig, Hy is begrawe, Hy het uit die dood opgestaan, ja Hy lewe, Hy lewe en Hy praat met ons vanuit die hemele. Weet u wat is so kosbaar in wat uit die hemele vir ons gesê word. Soos met Jesus se eerste preek op aarde toe was dit saligsprekinge, nou met Jesus se laaste woorde in die Openbaring aan Johannes vir ons opgeteken nou is dit weer saligsprekinge. In die boek Openbaring kry ons ook sewe saligsprekinge, waarvan ons teksverse vanoggend die eerste saligspreking van Jesus uit die hemel aan ons was- Op.1:3- *Salig is hy wat die woorde van die profesie lees en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby.*

***

Hierdie eerste saligspreking in Openbaring wat deur die volle Openbaring aan Johannes met nog ses ander saligsprekinge gevolg word, is heeltyd met een sentrale boodskap besig. Die sentrale boodskap van al sewe die saligsprekinge in Openbaring is dat jy waarlik geseënd is, jy is werklik salig as jy die Woord van God lees, die Woord van God kan hoor, die boodskap kan bewaar... jy moet die Woord van God werklik jou eie kan maak. Daar is vir die Here in die hemel wanneer Hy met ons vanuit die hemel praat niks op hierdie aarde belangriker as sy Woord en dat hierdie Woord skerp en getrou gelees en onderhou moet word en wie sy Woord bewaar daar wag vir so een saligheid, saligheid ook na hierdie lewe.

Die eerste saligspreking in Openbaring is ons teks en ons kern, maar kom ons eers net met verwysing na die ander saligsprekinge die breë basis neerlê. Die tweede saligspreking kom in Op.14:13- ... *Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid en hulle werke volg met hulle.* Die derde saligspreking staan twee hoofstukke verder- Op.16:15- *Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie...* Die vierde saligspreking in Openbaring is Op. 19:9- ... *salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: dit is die waaragtige woorde van God.* Openbaring se vyfde saligspreking staan in Op.20:6- *Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.* Dan die tweede laaste saligspreking staan in Openbaring se laaste hoofstuk- Op.22:7- *Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar...* En dan 7 verse later staan die laaste saligspreking in Op.22:14- *Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad...*

Wanneer ons in Openbaring ook sewe maal salig gespreek word, elk op verskillende plekke en maniere, dan staan die eerste saligspreking in Openbaring as die basis, as die oorkoepelende van al die ander, soos die eerste saligspreking in die bergpreek ook die basis van al die ander vorm. As Jesus in sy mens-wees op aarde vir ons wys hoe salig is jy arme van gees, aan jou behoort die koninkryk, dan is die eerste salig spreuk in Openbaring die begin van God wat met 'n vaste plan en vaste orde dwarsdeur alle eeue deur sy mag die hele wêreld regeer. Aan Hom behoort alle mag, daarmee begin Openbaring, daarmee sal dit ook eindig, maar die God wil vir jou en my nie uitskakel nie. As God se mag tot uitwerking kom dan is die manier hoe God in en deur alles werk, sy verbond met ons as mense. God se verbond kan ons God se inskakeling program vir ons as mense noem. God werk nooit verbonde loos nie, so min as wat Hy planloos sal werk. God is besig om sy mag en heerskappy, maar ook sy heerlikheid dwarsdeur die ganse heelal te proklameer en te vestig.

En ek en jy as mense wat hier voor die grote God kan kom staan, God wil vir jou salig spreek. God wil vir jou eintlik wys hoe jy vir Hom wat God is in jou lewe moet inwag. Ons as mense wat die Here kan inwag, dink jou dit in, hierdie saligsprekinge in Openbaring wil vir jou wys hoe jy dit kan regkry. Hoe kan ek en jy dit regkry om die Here in te wag.

Die eerste en die belangrikste manier hoe ons die Here kan inwag is alleen op die wyse wat dit in vers 3 staan. Dit gaan alles afhang van wat ek met God se Woord gaan maak. Gaan ek dit lees, gaan ek dit wil hoor, gaan ek dit bewaar, is dit werklik vir my God wat praat. Ons kan dit wat God vir ons in hierdie boek wat ons die Bybel noem laat neerskryf het direk aan ons saligheid koppel. As ek en jy glo wat hierin staan, jy is oortuig hierdie is God wat Homself aan ons geopenbaar het en elke deel van wat God vir jou sê is vir jou van die uiterste belang, jy wil dit bewaar, dan is jy reeds salig.

Christus se eerste saligspreking wat in Openbaring na ons kom is deur en deur, in alles net op een saak toegespits en dit is dat God se Woord gelees moet word en bekendgemaak moet word. Niks meer en niks minder nie! God wil dat daar hulle moet wees wat die profesie lees en dat daar mense moet wees wat daarna wil luister. Hoe belangrik is die erediens nie vir die Here nie, want dit is waar die voorlees en luister amptelik die meeste kere plaasvind.

Om Bybel te lees is vir God ononderhandelbaar, want die wil van God, sy genade, sy almag, sy heerlikheid, dit alles kan alleen vanuit die lees en die hoor van God se Woord ons lewe ingedra word, wanneer God dit vir ons laat voordra. Daarin is jy salig, as jy lees, as jy hoor, maar ook as jy bereid is om te bewaar. As daar in ons teks staan dat ons moet bewaar wat daarin geskrywe is, dan is ons eintlik vanuit die laaste boek van die Bybel terug op die eerste bladsye van die Bybel. Die “bewaar-opdrag” is in direkte aansluiting met die “bewaak-opdrag” wat die Here aan Adam in die paradys gegee het. Adam sou alleen die skepping kon bewaak as Hy werklik met God se wil alles laat gebeur. Adam sou alleen in die skepping en in sy opdrag salig kon wees, as hy tog maar net ook op die Woord van God gelet het.

Ons moet bewaak wat hierin geskrywe is, dit vorm deel van hierdie saligspreking. Wat geskrywe is, broeder en suster, alledaagse woorde dra die gevaar dat mens in die alledaagse gebruik daarvan iets van die skerpte van hierdie woorde kan begin verloor. As ons moet bewaar die geskrewe Woord van God dan is hierby ingesluit dat die Woord van God in sy eenheid tot ons moet spreek, want by God is daar eenheid, Hy die Drie-Enige God soos ons dadelik in vv.4-7 na hierdie eerste saligspreking ook kan hoor.

Ons kan nie die Woord in stukke wil breek en net aan gedeeltes wil vashou nie...hoekom nie?! Broeder en suster, ons te doen met die tyd wat naby is! Die werklikheid van wat God

in sy Woord voluit aan ons gegee het, is reeds besig om plaas te vind, al hierdie dinge is alreeds voor die deur. Al neem dit eeue, bly daar min tyd oor, want soos die tyd aanstap sal die gelowiges al hoe swaarder die aanslae van satan en die antichris aan hulle hele bestaan beleef.

***

Hierdie eerste saligspreking sluit dan juis op hierdie punt by die tweede saligspreking aan- ... *Salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hulle arbeid en hulle werke volg met hulle.* Die aarde wat met baie ellendes getref gaan word. Die oordele van God staan in Op14 duidelik voorop en nog duideliker word ons gewaarsku om ons nie te laat meevoer nie. Moet nie die dier en sy beeld aanbid nie, moet op geen manier jou laat indeel by die aktiwiteite waarmee die Satan nader na die einde al hoe duideliker mense sal wil intrek nie. Daardie merkteken op die kop en op die hande moet ons nie ontvang nie, want net voor die tweede saligspreking dan maak die Here dit duidelik dat daar wag 'n verskriklike straf op die mense wat in valse godsdiens verval het. Die verleiding en afval gaan baie duidelik gepaard met die gesindheid van dat ek my nie meer aan die Here se Woord hoef te steur nie.

In Op 14 waar die tweede saligspreking staan, staan dit vooraf dat mense met 'n baie gevaarlike beker ook in hulle lewe besig mee kan wees. Ons wat kinders van die Here is, wat by elke Nagmaal uit die beker van die Here wil drink, daarin is vir ons soveel seëninge in opgesluit, hoe salig om die beker uit God se hand te mag ontvang, maar hulle in Op14 kry met 'n ander beker te doen. Die beker van God se toorn, 'n geweldige straf waar die grimmigheid van God ongemeng in die beker van sy toorn ingeskink word. Dit is 'n verskriklike wyn wat sulke mense sal moet afsluk en daardie bittere wyn sal nie eers verdun mag word nie, geen water tot versagting nie, niks sal daar wees wat die uitwerking van die pyn kan versag nie.

En waar staan die kinders van die Here, voor hierdie beker. As jy God se Woord bewaar het, dan sal jy salig wees. Net voor die tweede saligspreking staan in Op.14:12- *Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar...* Dit is tog duidelik, broeder en suster, alles wil maar weer die eerste saligspreking bevestig, dat al gaan ons baie swaarkry, ons kan uiteindelik doodgemaak word, maar as jy volhard het om die Here se Woord te bewaar, dan is jy salig. As so een sterwe, al

sterwe hy/sy dan ook 'n bittere dood, maar die ewige saligheid is reeds ter sprake, om by die Here te mag wees. Oor die kinders van die Here se dood is daar eintlik soos op 'n banier 'n baie duidelike boodskap uitgeskrywe, dat oor ons dood en oor ons graf heers die opstanding van Jesus Christus. Deel van hierdie saligspreking is om te mag hoor dat die Gees dit vir ons sê- *hulle sal rus van hulle arbeid*, want wat hulle gedoen het, *hulle werke volg met hulle.*

Ons wat kon sien hoe die tweede saligspreking direk by die eerste aansluit, waar dit in alles gaan om die bewaring van God se Woord, so gebeur dit ook by die derde saligspreking- Op.16:15- *Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie...* Ons moet nie dat ons kaal uitgevang word nie. In die kultuur van hierdie Oosterse mense is die gewoonte nog altyd gewees as hulle slaap dan het hulle nie klere aan nie. As daar nou 'n dief die huis inkom dan het hy die huismense sonder klere betrap. Die Here waarsku dat ons moet waak en ons klere bewaar, juis deur jou in God se Woord in te grawe. So moet jy die Here inwag.

Altyd gereed om die Here te ontvang, want dit wat rondom die derde saligspreking staan, Op 16- dit wys op daardie tyd waar die grense tussen die kerk en die wêreld al hoe meer sal vervaag. As die sesde engel sy groot skaalbak op die Eufrat-rivier uitgooi, dit is die tyd van God se finale toorn, mense praat ook van die Armaggedon, dan is die hel letterlik los. Uit wat die duiwel doen, is sy aanval spesifiek dan op drie terreine op die kerk losgelaat- Daar is dan in die eerste plek 'n regstreekse duiwelse invloed in die kerk. Tweedens waarsku die Here ons daar sal in hierdie tyd 'n politieke gees wees wat die kerk sal vasvang en daar sal al meer dwaalleer direk van die kansels af verkondig word. Die kerk sal die plek word waar afgode ook gedien word. Die ware kerk sal dan al hoe swaarder kry want in hierdie tyd sal die duiwel deur hierdie drie werkterreine van hoe hyself die politiek en die leuen kan gebruik dit teen die kerk mobiliseer.

Om in so 'n tyd geestelik aan die slaap te raak, jy waak en bewaar nie jou klere nie, die duiwel vang jou eintlik kaal, so 'n mens sal alles behalwe salig genoem kan word. Weereens waarsku die Here ons dat ons in volle afwagting moet wees en ons kan dit alleen wees met waarmee ons al die saligsprekinge in Openbaring mee ingelei het- dat God se Woord geglo moet word. Lees dit, hoor dit, bewaar dit, moet nie laat dwaalgeeste ons wil leer, soos die man wat nou met die 21 Mei storie rondom die wederkoms rondloop nie, want al is die tyd

naby, het die Here dit baie duidelik gestel met datums moet ons nie speel nie. Die sleg van wat sulke mense doen, dit is eintlik 'n spel in die hande van Satan, want as 21 Mei nou kom en gaan, niks het gebeur nie, dan gee dit die duiwel en die wêreld geleentheid om alles al hoe meer belaglik te wil voorstel. Daar word dan al hoe meer nie meer in die wederkoms van Christus geglo nie en dit word ook nie meer afgewag nie. Vergeet allerhande datums, dit is net in die Here se hande, maar verwag die Here enige oomblik, want as die Here kom, dan moet nie u skaamte gesien word nie. Die Here wat kan kom soos 'n dief in die nag. Hy wat dan ook sê – *Ek kom soos 'n dief...* Die een wat sy klere reghou, hierin spreek die Here jou salig, dat jy werklik op sy koms voorbereid is, jy het die heilsklere van Jesus Christus aangetrek en jy sal nie toelaat dat al gebeur daar verskriklike dinge in die wêreld en mense praat verskriklike dinge, dat jou klere in Christus van jou gestroop word nie. Hierin is jy salig.

En wanneer Openbaring vanaf die derde saligspreking na die vierde oorgaan, dan is dit eintlik 'n groot verskuiwing, maar tog nog weer alles gebind aan die eerste saligspreking. Die vierde saligspreking is in Op.19:9- *... salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: dit is die waaragtige woorde van God...* Die verskuiwing is groot want ons het nou oorgeskuif na die saligheid ná hierdie lewe. Die vorige saligsprekinge het alles te doen gehad met die tyd waarin ons lewe, dit alles voor die wederkoms, nou skuif dit uit ons tyd uit.

En wat hierdie saligspreking besonders maak is die besef dat God het sy kerk bewaar. God het sy kerk deur die eeue in sy hande gehou. Ons wat sy Woord bewaar, daarin bewaar God sy kerk. Dit is eintlik 'n groot geheim wat ons hier onthul word. Die bewaring in sy krag en werking. Al gebeur daar verskriklike dinge, Op.19 wys op Babilon en die geweldige oordeel waarmee Babilon vernietig sal word, maar die klem val nie op die gedreun van vernietiging, maar daar word gefokus op engelesang en op blydskap wat in die hemele groot sal wees. Mense en engele sing tesame, aanhoudend klink dit op- Halleluja en dan Amen en dan weer Halleluja... Op 19 is eintlik 'n refrein van hoe groot die sang en blydskap sal wees- vv 3-7 is daarvan vol! Klein en groot is besig om die Here te prys en so belangrik die Here word geprys oor die ewige oordeel wat Hy uitgevoer het, daarvoor word Hy gedank en in sy Naam geroem.

En hierdie vierde saligspreking laat die kerk verstaan dat nou ontvang die ware kerk 'n besondere posisie. Die kerk word as die bruid van Christus gesien en hierdie bruid moet nou aan haar trourok werk. Haar skoonheid wat 'n vrou by 'n huwelik graag aan haar bruidegom wil toon is waarmee sy haar Bruidegom tegemoetgaan. In Op 19 moet ons besef toe Christus gekruisig was toe was die huwelik tussen Christus en sy kerk reeds formeel bevestig. Daardie onlosmaaklike ewige band het Christus toe reeds vasgemaak. Nou verstaan ons dat huweliksonthale in daardie tyd is nie so direk ná huwelik sluitings gehou soos ons dit vandag ken nie. Gewoonlik eers 'n hele paar weke later dan het die huweliksfees plaasgevind. In hierdie weke na die huweliksluiting dan het die vrou met volle aandag aan haar bruidskleed, aan die rok wat werklik saak maak al die aandag gegee.

In wat hierdie vierde saligspreking voorafgaan is dit die aanloop na die bruilofsmaal van die Lam. Hy wat klaar ten volle met ons sy ware kerk in die huwelik staan, hierdie huweliksfees gaan met die wederkoms plaasvind. As feesvierende menigte het ons alreeds alles ontvang wat ons nodig het. Die huwelik is reeds gesluit, die bruid het nie nodig om nog iets te verdien nie, die onthaal is op pad, alles is aan haar gegee, haar toetrede tot die ewige heerlikheid van God se teenwoordigheid berus nie op haar verdienste nie, maar watter pragtige saligspreking is hierdie nie! Ons saligheid staan reeds vas, ons is reeds na die bruilofsmaal van die lam uitgenooi, maar dit beteken nie dat ons nie werk het nie. Ons werk nie om salig te wees nie, maar omdat ons reeds salig kan wees, reeds getroud kan wees, nou werk ons juis op 'n manier wat weer Op.1:3 die eerste saligspreking bevestig. Die regverdige dade van die heiliges kan net een daad wees. Om die Woord van God te bewaar. Hierdie bewaring van God se Woord is 'n regverdige daad en so werk u en ek aan ons trourokke. Die fyn linne van 'n trourok is mos die regverdige dade van die heiliges. Waaragtige woorde moet deur regverdige dade altyd in verband gebring kan word en ek sal alleen die band kan vasmaak as die waaragtige woorde bewaar word.

Maar vanaf die werk aan ons trourokke is daar iets van 'n verskriklike kontras- rondom ons trourokke sien ons ook vir Satan raak. Die vyfde saligspreking wys hoe magtig die Here is en waartoe die Here deur sy heerlikheid in staat is. Op.20:6 staan hierdie vyfde saligspreking as volg- *Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.* Satan is gebind. Die Here het 'n engel uit die

hemel gestuur en dit her reeds plaasgevind. Die duiwel is wel op hierdie aarde tot verskriklike dinge in staat, maar hy is soos 'n hond aan 'n ketting. Hy is gebind en nou gebeur dit dat ons dikwels nie buite die reikwydte van die ketting staan nie, ons leef so dat die duiwel ons bykom, maar die saligheid by hierdie saligspreking kom weer by hulle wat in die Here sterwe.

Die oomblik as die Here se kinders sterwe dan is daar 'n onmiddellike opstanding. Die eerste opstanding is wanneer ek sterwe dan is my siel dadelik by God. Dan is die oordeel oor die een wat sterwe ook reeds volkome voltrek. Die eerste opstanding het dus reeds plaasgevind dieselfde oomblik as jy sterf. Hierdie vyfde saligspreking maak dit dan duidelik so een het klaar deel aan die ewige geluksaligheid. *Oor hulle het die tweede dood geen mag nie...* As die tweede opstanding gaan plaasvind, wanneer die liggame weer met die siele herenig sal word, dan is hulle reeds salig... Watter besondere posisie sal hulle kan inneem – *hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank....*

Dit alles is deel van hierdie vyfde saligspreking, maar hulle wat nie die Woord van God bewaar het nie, hulle wou nie lees nie, hulle wou nie hoor nie, nog minder wou hulle die Woord bewaar, vir hulle sal die tweede dood deur die tweede opstanding dan 'n ewige hel beteken. Die tweede dood is 'n verskrikking wat ons nie kan beskryf nie, maar hoe salig is hulle wat met die eerste saligspreking toe-al die Woord bewaar het, wat nou in die vyfde saligspreking mag hoor- die tweede dood het geen mag oor jou nie, jy kan aan die tweede opstanding deelneem...

En dan met die sesde saligspreking is dit asof die Here die eerste saligspreking eenvoudig net herhaal. Dit word net so weer ingeskerp- Op.22:7- *Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar...* Selfs al is die openbaring oor die nuwe Jerusalem en al sy inwoners afgehandel, die mooiste wat daar kan wees word beskryf, maar al is alles hoe mooi en afgerond, is daar niks wat in die plek kan kom staan in die bewaring van God se Woord nie. Hoe salig is jy as mens ook in al hierdie mooi dinge, al die woorde oor die nuwe hemel en die nuwe aarde en alles oor die nuwe Jerusalem, dat jy hierdie woorde ook sal bewaar.

Want die laaste, die sewende saligspreking, selfs in die getal saligspreking is die Openbaring in die volheidsgetal van sewe aan ons gegee. Ons weet hoe die getal sewe in sovele opsigte Openbaring beheers, selfs ook in die getal saligsprekinge wat hier is.

En weet u broeder en suster, kom ons lees eers weer hierdie laaste saligspreking. Op.22:14- *Salig is die wat sy gebooie doen*, (of ander manuskripte lees, wat dan ook allerweë as die beter vertaling beskou kan word – *salig is die wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte van die stad...* Is dit nie aangrypend nie, wanneer die aarde se geskiedenis finaal afgesluit word, dan is ons eintlik weer terug by die begin van ons geskiedenis. Die skeppingsgeskiedenis word eintlik hier voor ons geplaas maar met die wonderlikste kontraste. Alles het weer te doen met die boom van die lewe, met Jesus Christus ons Here. Hierin word ons salig gespreek, die laaste en juis die sewende keer in Openbaring, ook die laaste keer in God se Woord.

Adam en Eva wat sonder klere gesondig het en tog na die smet van die sonde het hulle hul eie naaktheid besef. Daardie kleed wat die mens homself aangetrek het, skamele vyeblare, dit kon ons nie bedek nie. Na Adam het die sonde veroorsaak dat almal onder dieselfde smet en dieselfde vloek wat God oor die aarde uitgespreek het, gebore sou word. Ons klere sou vanself nooit weer rein kon wees nie. In hierdie laaste saligspreking is ons salig op grond van wat Christus vir ons gedoen het. Hy wat ons klere in sy bloed gewas het. Ons klere kan in Hom blinkend wit wees, daarom word ons salig verklaar.

En die saligspreking wat die laaste oor ons mag kom is die feit dat ons mag ingaan in die poorte van die stad. Adam en Eva moes uitgegaan het, hulle is uit die Paradys weggejaag, die ingang was toegemaak en deur 'n engel bewaak. Nou is ons voor oop poorte gestel, ons mag ingaan en wanneer ons almal kon binnekom dan sal die poorte toegemaak word, daar sal ook 'n buitekant wees. Buite sal die wêreld van sonde en haat en ellendes vir altyd uitgesluit wees uit die volmaakte koninkryk van God. Binne is dit volmaakte heerlikheid. Die heerlikheid van God het oor ons gekom.

Vir die laaste keer is die bewaring van God se Woord in al sewe hierdie saligsprekinge waar dit alles oor gaan. Wie die Woord bewaar het die bevoegdheid ontvang, het die reg ontvang, ja in Christus het ons hierdie reg ontvang om te eet van die boom van die lewe. Wanneer ons

hierdie sewe saligsprekinge bymekaarbring dan is daar eintlik net één boodskap. Die Woord van God is al waaroor dit eintlik gaan. Lees die Woord van die Here, hoor die Woord van die Here en dan veral in hierdie tyd wat ons lewe in elke saligspreking handel dit daaroor dat God se Woord bewaar moet word. So moet ons die Here inwag, wanneer ons tot Hom roep- *Kom Here Jesus, kom gou.* Hy wat ons op grond van sy Woord antwoord- *Ja, Ek kom gou.* U sal waarlik salig wees as ons maar net daarby kan kom om die Woord van God werklik ter harte te neem.

AMEN